


Wees feesgereed!
Preektema
Gereformeerde
Kerk
Kameeldrift 2020



Inhoudelike gids vir die doel van die eerste deel van ons preke hierdie jaar: Wees Feesgereed!

Deel 1 fokus op die ontmoetingsgebied vir die fees

Die inhoud van hierdie Bybelstudies kom uit die samewerking van lidmate in die GK Belville-Oos


1. Brandofferaltaar
2. Brons waskom
3. Goue kandelaar
4. Tafel met toonbrode
5. Reukofferaltaar
6. Voorhangsel
7. Die ark

Brandofferaltaar



Bybelstudie

Lees Eksodus 27:1-8 en Eksodus 29:38-46




- Hoe lyk die brandofferaltaar? Wat was die voorskrifte vir die brandofferaltaar?
- Wat was die doel van die brandofferaltaar?

- Wat beteken “offer”?
- Soorte offers (Levitikus 1-5).
 - Brandoffer (Levitikus 1)
 - Graanoffer (Levitikus 2)
 - Maaltydoffer (Levitikus 3)
 - Sondeoffer (Levitikus 4)
 - Skuldoffer (Levitikus 5)


- Waarom was die offers belangrik?

- Wat was die doel of simboliek van die horings van die brandofferaltaar?
 - Lees: Eksodus 30:10; Eksodus 21:12 - 14; 1 Konings 1:50 – 51 en 1 Konings 2:28

- Waarom is dit nie meer vandag nodig om te offer soos in die Ou Testament nie?
 - Hebreërs 9:24-26; Efesiërs 5:2; Johannes 12:24; 2 Korintiërs 5:21; Kolossense 2:13 – 14 en Efesiërs 2:14



Brons waskom



Bybelstudie

Lees gerus Eksodus 30:17-21 en 40:30-32

Eksodus 30 beskryf die brons waskom in die tabernakel. Net 'n paar besonderhede is hieroor vir ons opgeteken.

1. Hoekom moes die priesters gewas word? Twee redes:

- Eksodus 30:20a

.....

- Eksodus 30:20b

.....

Priesters moes rein wees vir hulle diens aan die Here en om God te ontmoet. God is immers heilig en rein!

2. Elke gelowige

Elke gelowige vandag is ook geroep om 'n priester vir die Here te wees. Lees 1 Petrus 2:5,9. Dit beteken

- Om priesterlike diens te doen: Lees 2 Timoteus 2:21 en Titus 2:14
- Om die Here te ontmoet: Lees Matteus 5:8, Hebreërs 12:14 en Openbaring 21:27

Ons het ook reiniging van ons sondes nodig om God te ontmoet en in sy diens te staan.

3. Hoe vind hierdie reiniging plaas?

- *Priesters in die Ou Testament*

Ons lees van twee geleenthede waarop hulle gewas is.

Eksodus

29:4.....

Eksodus

30:19.....

Vir hierdie wassings/reinigings was daar skoon water in die waskom.

- *Priesters in die Nuwe Testament*

Voordat ons as priesters in diens van die Here kan staan moet ons ook eers volledig gewas word van al ons sondes. Wanneer gebeur dit?


Hierna het ons ook nodig om nog daagliks gereinig te word van ons vuilheid en sondesmet. Hoe vind hierdie reiniging plaas?

4. Skoon water!

Vir reiniging is daar skoon water nodig? Wat is die water? Skoon water is in die Bybel beeld van die Heilige Gees! Lees Esegïel 36:25-27, Sagaria 13:1 en Johannes 7:37-39.

Goue Kandelaar

Bybelstudie



Lees Eksodus 25:31-40, 37:17-24 en Levitikus 24:1-4

Hoe lyk die Goue Kandelaar (Menora)?

- As jy die Heiligdom binne gaan was dit die eerste ding wat jy aan die linkerkant teë kom.
- Bestaan uit 7 lampe wat almal dag en nag tegelyk brand. Ses arms het uit die sykante

daarvan uitgaan. Drie arms van die kandelaar uit die een kant drie arms van die kandelaar uit die ander kant.

- Die kandelaar is uit een talent (55kg) suiwer gesmede goud gemaak.
- Drie kelkies soos amandelblomme aan die een arm, 'n knop en 'n blom. So was dit aan die ses arms wat uit die kandelaar gegaan het.

Simboliek van die Goue Kandelaar

- Die Kandelaar in sy geheel stel Christus en die kerk (gelowiges) voor.
- Die suiwer goud verwys na Jesus in sy glorie. Toe Jesus verheerlik is het Hy die lig van die wêreld geword.
- 'n Kandelaar soos die kan op 2 maniere gemaak word naamlik gesmee of gegiet maar gegote werk maak die metaal swakker. Smee werk gee 'n sterker en suiwerder / vlekkelose produk. Hierdie wys vir ons op die lyding wat Christus moes deurgaen om verheerlik te word.
- Die een kant van die kandelaar is 'n sinnebeeld van die drieledigheid van die mens: Gees, Siel en Liggaam. Die anderkant die Goddelike drie Eenheid: Vader, Seun en Heilige Gees.
- Die sykandelare / lampe is nie apart van die sentrale lamp nie maar uit dieselfde stuk goud gesmee. Dit beteken ons is een liggaam met

Christus en Hy is die Hoof en dat die sylampe ook deur proses van smeewerk of smart gegaan het. Ons het egter nie gely nie maar Jesus het vir ons gely. (Efesiërs 2: 4-5)

- Die stam is simbolies van Jesus as wynstok. In Johannes lees ons Jesus is die wingerdstok en Sy dissipels die lote (Johannes 15:4-5)
- Die kandelaar was die enigste lig in die Tabernakel, dit het geen vensters gehad nie en die lig van die Kandelaar was genoegsaam om die Tabernakel te verlig. Jesus is die lig van die wêreld (die enigste lig) (Lukas 2:32; Johannes 1:4; 8:12 en 9:5) en is genoegsaam vir elkeen om na Hom te kom vir die “lig van die lewe”. Die lig van Christus wat deur die gelowiges skyn is volkome lig – want die nommer 7 dui op volkomeheid / volmaaktheid. Die eienskappe van lig verwys na Jesus:
 1. Suiwer – Christus kan nie onrein wees nie, want hy kon nie sondig nie. Hy was sonder sonde.
 2. Skoonheid – Jesus het innerlike geestelike skoonheid want Hy is nie deur sonde besmet nie.
 3. Maak verborge dinge bekend – Hy ontbloot die sonde , maar nie net dit nie, deur die woord van God, deur profesie

maak Hy ook verborge dinge aan ons bekend.

4. Verwyder die donkerte – Jesus verwyder die donkerte want slegs Hy kan die sonde verwyder.

Binne in die Tabernakel

- Elke oggend moes 'n priester in die Heiligdom ingaan om die lampe te versorg, sewe dowwe rokende lamppitte. Hulle het een vir een uitgehaal en skoongemaak, die lamppitte geknip, nuwe olie ingegooi en weer aangesteek by die vlam van die middelste lamp.
- Die simboliek van lamppitte knip kry in Johannes 15:2 betekenis: “Elke loot wat in my nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, die maak Hy skoon, sodat dit meer vrugte kan dra.”
- Dit is belangrik om te weet dat slegs brandende pit afgesny kan word, want net 'n brandende pit vorm as. Slegs wanneer jy God aktief dien sal jy ondervind dat God aan jou “snoei”. Wanneer dit gebeur, moet nie moedeloos word nie, maar dank eerder God want dan weet jy verseker dat God besig is om met jou te werk tot jou eie bes wil.

- Die Hoëpriester moes ook die Kandelaar se lamp gereeld met die suier olyf olie vul. So moet ons ook gedurigdeur deur die Heilige Gees vervul word. Efesiërs 5:18 “Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid, maar word met die Gees vervul.” Hoe meer ons God dien hoe sterker werk die Heilige Gees deur ons. Ons kan alleen ware lig in die wêreld wees as ons vol van die Heilige Gees is. Sien ook vrug van die Gees in Galasiërs 5:22.

Simboliek van die Olyfolie en die pit in die lampe

- Die olie is ‘n simbool van die Heilige Gees en ons die gelowiges is die pit in die lampe, maar vir ons om te kan “brand en lig aan die wêreld te kan verskaf” het ons die Heilige Gees nodig. Die olyfolie moes suiwer wees sodat dit helder kan skyn.
- Die lamppitjie leer ons ‘n groot les naamlik dat elke kind van God “verordineer is om gelykvormig te word aand die beeld van Sy Seun” (Romeine 8:29) En aan die anderkant nog altyd moet erken “dit ontbreek my aan die Heerlikheid van God” (Romeine 3:23)

- In die Heiligdom waar alles van goud is, is daar aan die lamppitjie ook 'n plekkie toegesê, en die gedagte dat die lamp nie sonder hom geen lig kan versprei nie gryp jou aan. Die lamppitjie moet die kandelaar mooi maak om sy heerlijkheid te openbaar. God soek vandag kinders wat laag genoeg kan buig om eenvoudige ou lamppitjies te wees; hulle wat Hom lief genoeg het om gehoor te gee aan Sy bevel om gedurig deurweek te wees met die olie van die Heilige Gees.

Die kandelaar as simbool van Christus en Sy Kerk

Openbaring 1:12 – 16:20

- Jesus die Hoëpriester, van 'n groter en volmaakte tabernakel beweeg tussen die sewe kandelaars en 'n skerp tweesnydende swaard. Die Goue Kandelaar is in die Nuwe Testament 'n sinnebeeld van die gemeente [Ekklesia] van God, die uitgeroepenes uit alle nasies, stamme, volke en tale.
- Ons Hoëpriester wandel tussen die kandelaars om die lampe reg te maak, nie om dowwe lamppitte uit te blus nie, maar vry te maak van

roet en vars olie te voorsien sodat hulle, deur
helder te brand, die lig van die wêreld kan wees.

Tafel met toonbrode



Bybelstudie

Lees Exodus 25:23-30

Hoe het die tafeltjie gelyk?

Hoe is die tafel vervoer?

Wat was alles bo-op die tafel?

1. Lees Levitikus 24:5-9

Resep en spesifikasies vir die toonbrode?

Waarom die wierook?

Verpligting vir die Israeliete?

Aaron en sy seuns?

2. Betekenis van die drankoffer en toonbrode?

Offer vir die Here – die versorging deur die Here vir sy kinders is nie skraps nie (kwartels en manna, wolkkolom). Hoe is dit uitgebeeld?

Dankbaarheidsoffer voor God se aangesig. Hoe is die dankbaarheid vir die Here se versorging uitgebeeld?

Dankbaarheid vir Christus se offer (Jesus Christus die brood van die lewe). Lees Johannes 6:30-35. Wie waarlik wil lewe moet die ware Brood eet, die Brood wat lewe gee.

3. Lees gerus die volgende uiteensetting deur dr. Chris Saayman:

Verder moet ons sien dat die toonbrode 'n óffer aan die Here was. Letterlik: Gedenkoffer. Daarom het daar ook wierook gebrand. Asof die brood IN die wierook opgaan voor die Here. Met ander woorde: Uit dankbaarheid wy ek my stoflike aardse

alledaagse lewe aan die Here toe OMDAT ek glo en weet dat alles van Hom kom, dat Hy daarin belangstel, dat dit net so belangrik is as geestelike/geloofsake. Nou kan ek dit ook aan Hom teruggee. Dit word 'n offer. Omdat ek letterlik die hele aardse lewe aan Hom te danke het, mag ek dit ook teruggee aan Hom. Sodat ek begin beseef: my alledaagse lewe is net vir een ding goed: om Hóm te behaag. Só word ek al hoe meer verlos van materialisme en kry die wêreldse breinspoeling nie so maklik 'n greep op my gemoed nie.

Vanuit hierdie wierookoffer-gedagte behoort 'n gelowige hom/haarself af te vra: “My aardse stoflike lewe: het ek dit net vir myself gehou? Vir my plesier/gemak/genot? Of gee ek dit terug aan die Here en gebruik dit om Hóm te dien? Is dit vir my belangrik óf my daaglikse lewe 'n welriekende offer aan Christus is? Dit is eintlik 'n baie moeilike vraag om te antwoord: “wat is die belangrikste in my lewe?” NIE: “wat BEHOORT die belangrikste te wees” nie. Glad nie so 'n maklike vraag nie. U sien:


'n mens verstaan alles presies verkeerd om indien jy nie besef dat ALLES by die manna begin nie – wat van die hemel kom – van die Here af. Dit is nie regtig óns wat so oulik is dat ons brood kan hê nie.

Ten diepste is Christus self die brood van die hemel. Joh. 6: “Ek is die brood wat uit die hemel gekom het.” HY is die Een wat versadig. Hier sien ons weer die noue verband tussen die sogenaamde “geestelike” en “aardse” - dat Jésus (wie staan vir alles wat “geestelik” is) juis bróód gebruik om Homself te beskryf as die Een wat versadig. Dat HY die een is na wie die manna heengewys het. Dit is twee sake wat ons logika net nie bymekaar kan bring nie: JESUS en bróód! Hy is tog baie verhewe bó bróód. Dit is hoe ons koppe werk. “Die verhewe Christus kan tog nie Homself “brood” noem nie.” Na ons gevoel is dit twee wêrelde wat nie bymekaar hoort nie.

Reukofferaltaar/Wierookaltaar

Bybelstudie

Hoe het die wierookaltaar gelyk en wie het die gemaak? Sien Eksodus 30:1-10 en Eksodus 37:25-29.



- Waarvan is die wierook gemaak? Sien Eksodus 30: 34-38
- Wie was verantwoordelik vir die voorbereiding en bring van die wierookoffer? (Lees Lukas 1:vs 8 – 9).
- Wat behoort/moet die wierookoffer simboliseer in ons gebede? (Lees Psalm 141:1-3 en Daniel 2:46-47)

Sien Openbaring 8:3-5. Die kerk se gebede styg met Christus se verdienste (wierook) soos 'n lieflike geur voor God op. God wag op die gebede van sy kinders...en hy antwoord daarop volgens Sy eie tyd en wil.

Die voorhangsel



Bybelstudie

Hoe het die voorhangsel gelyk?

- Lees gerus Eksodus 36:35-36 hieroor.
- Waarop dui die gerubs wat op die gordyn geborduur was? Vgl. Genesis 3:24

Watter boodskap het die voorhangsel aan die Israeliete oorgedra?

- Lees in hierdie verband Levitikus 16:2.

Lees Levitikus 16 saam deur en bespreek die volgende:

- Wie kon in die Allerheiligste agter die voorhangsel ingaan en wanneer?
- Watter aktiwiteite moes die hoëpriester verrig voordat hy in die Allerheiligste deel van die tabernakel kon ingaan? Wat is die betekenis daarvan?
- Watter aktiwiteite moes hy in die Allerheiligste verrig. Wat was die betekenis daarvan?
- Hierdie gebeure het jaarliks plaasgevind en die dag het bekend gestaan as die Groot Versoendag (een van die Joodse feeste). Doen gerus bietjie naslaanwerk oor die Groot Versoendag – dit is baie interessant.

Met Christus se sterwe het die voorhangsel in die tempel middeldeur geskeur.

- Lees hierdie aangrypende gebeure in Lukas 23:44-46.
- Wat is die betekenis hiervan?
- Hoekom het die gordyn geskeur?

Die voorhangsel wat met Christus se sterwe geskeur het, het 'n wonderlike lewe vir ons moontlik gemaak.

- Lees Hebreërs 10:19-22 oor ons voorregte in Jesus Christus.

Die ark



Bybelstudie

- Lees Genesis 3:23-24; Eksodus 25:10-22 asook 1Konings 6:23-28. Let veral op Genesis 3:23 en 24; Eksodus 25:18-21 en 1 Konings 6:23
 - Wat moet die twee Gerubs in Genesis 23 en 24 doen?
 - Wat moet die twee Gerubs in Eksodus 25:18-21 doen?
 - Wat moet die twee Gerubs in 1 Konings 6:23 doen?
- Lees 1 Samuel 4:1-10. Let veral op die getal ongevalle in verse 2 en 10.

- Hoekom het die Israeliete die ark uit Silo gaan haal?
- Hoekom meen u was die ongevalle baie hoër nadat die ark by die gevegsfront aangekom het? Het dit iets met 'n "gelukbringer" te doen?
- Toe die ark deur die Filistyne gevat is, sterf Eli terwyl Pinehas se vrou geboorte gee aan Ikkabod. Meen u dat:
 - Eli meer ontstel was oor die ark as oor die dood van sy seuns Hofni en Pinehas? (1 Samuel 4:18).
 - Pinehas se weduwee meer ontstel was oor haar man, Pinehas, se dood as oor die ark? (1 Samuel 4:19 en 22).
 - Die hand van God het swaar op die Filistyne gerus vandat die ark in die tempel van Dagon (god van landbou) geplaas is:
 - Dagon val om voor die ark (1 Samuel 5:3). Sê dit iets vir jou?
 - Die tweede dag val Dagon weer voor die ark. Net sy lyf het oorgebly, die res was by die drumpel van Dagon se tempel (1 Samuel 5:4). Sê dit iets vir u?

➤ Die Here tref die Filistyne met pesswre en hulle sê “ Die ark van die God van Israel mag nie by ons bly nie” (1 Samuel 5:7). Die ark word na ander stede gestuur maar “die mense wat nie gesterf het nie, is met pesswre getref. “ (1 Samuel 5:7). Uit 1 Samuel 6:5 mag afgelei word dat die muise die pes versprei het en dat die muise die land verniel het. Hou in gedagte dat Dagon die Filistyne se god van landbou was. Na sewe maande word die ark na Israel teruggestuur. Die ark gaan na Bet –Semes waar die mense besig was om koring te oes (1 Samuel 6:13). Hierin lê dalk ‘n stukkies ironie: Muise verniel die Filistyne se lande terwyl die Israëliete in Bet-Semes koring oes. Uiteindelik gaan die ark na Kirjat-Jearim (1 Samuel 7:1).

- Jare later het Dawid die ark met ‘n nuwe wa gaan haal. By die dorsvloer

van Nakom struikel die osse en Ussa gryp na die ark om dit teë te hou. God laat Ussa dadelik sterf (2 Samuel 6:6-7). Dawid word bang en sien nie kans om die ark by die Dawidstad te laat inkom nie en die ark gaan na Obed-Edom toe (2 Samuel 6:9-10). Dit bly hier vir drie maande en Dawid laat haal toe die ark. Die ark word nou gedra (lees weer Eksodus 25:14-15 waarvolgens die ark gedra moet word, en nie op 'n wa vervoer word soos Dawid dit die eerste keer gedoen het).

- Meen jy dat almal, saam met Ussa, wat betrokke was toe die ark van Kirjat-Jearim per wa gehaal is, gestraf moes word omdat die ark nie volgens voorskrifte gedra is nie?
- Is daar iets van die “uitverkiesing” en “genade” vasgevang in die dood van Ussa?
- Dawid wil 'n tempel bou want “die ark van God staan in 'n tent” (2 Samuel 7:2). Volgens 2 Samuel 7:3 steun Natan Dawid hierin maar die Woord van die Here het daardie aand tot

Natan gekom en God beveel Natan om aan Dawid te sê dat Dawid nie die tempel sal bou nie maar Dawid se eie seun sal die tempel bou (2 Samuel 7:12 -13).

➤ Wat leer ons hieruit oor hoe besluite geneem moet word?

- Salomo het vier honderd en tagtig jaar nadat die Israeliete uit Egipte getrek het, begin met die bou van die tempel (1 Konings 6:1). Die ark is in die binneste heiligdom geplaas (1 Konings 6:19). God het reeds lank tevore vir Moses by die ark ontmoet en by die deksel met Moses gepraat (Eksodus 25:22).

Slegs die Hoëpriester kon een keer per jaar ingaan op die Groot Versoendag . Hy sprinkel bloed op die ark se deksel, genoem die versoendeksel. Die bloed is die teken van versoening tussen God en mens.

- Die voorhangsel het van bo tot onder middeldeur geskeur toe Christus gesterf het (Matteus 27:51). Lees Hebreërs 10:19-25.

- Wat is die betekenis van die middeldeur-skeur van die voorhangsel ?
- Wat is nou ons verantwoordelikheid as vrygekooptes?